basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# GESKIEDENIS V1

**NOVEMBER 2021**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSAKE VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN VANAF 1947 KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VERDIEP?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Bestudeer Bron 1A.

1.1.1 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat aandui dat na-oorlogse Europa in 'n haglike toestand was. (2 x 1) (2)

1.1.2 Verduidelik waarom Amerika die enigste wêreldmag was wat nie struktureel deur die Tweede Wêreldoorlog geaffekteer is nie. (1 x 2) (2)

1.1.3 Definieer die term *satellietstate* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Sowjetunie en sy satellietstate geweier het aan die Marshall-plan deel te neem. (2 x 2) (4)

1.2 Gebruik Bron 1B.

1.2.1 Noem VIER aspekte in die bron waarop die Marshall-plan ingestel was om te help met die herlewing van normale ekonomiese toestande in die wêreld. (4 x 1) (4)

1.2.2 Verduidelik hoe die Marshall-plan beoog het om die verspreiding van kommunisme in Wes-Europa te voorkom. (1 x 2) (2)

1.2.3 Noem TWEE voorwaardes, soos in die bron voorgestel, wat nagekom moes word om Europese herstel te bereik. (2 x 1) (2)

1.2.4 Lewer kommentaar op die bruikbaarheid van hierdie bron wanneer die bedoeling van die Marshall-plan nagevors word. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Noem die TWEE regerings in die bron wat op 2 Julie 1947 vir Molotov in Parys ontmoet het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Waarom, volgens die bron, was Molotov daarteen gekant dat Duitsland ekonomiese bystand deur die Marshall-plan ontvang? (2 x 1) (2)

1.3.3 Verduidelik die konsep *ekonomiese imperialisme* in die konteks van die Koue Oorlog (1 x 2) (2)

1.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom die Sowjetunie die Oos-Europese bondgenote gedwing het om die Marshall-plan te verwerp. (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B verskil van die bewyse in Bron 1C met betrekking tot die bystand wat die Amerikaanse regering aan Europa verleen het. (2 x 2) (4)

1.5 Verwys na Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik die boodskappe wat in die bron oorgedra word met betrekking tot die implementering van die Marshall-plan vanaf 1947. (2 x 2) (4)

1.5.2 Lewer kommentaar op die belangrikheid van die woord 'EUROPA' in die konteks van die implementering van die Marshall-plan. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die Marshall-plan vanaf 1947 Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR verdiep het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Watter insident, volgens die bron, het tot die proses van dekolonisasie in Portugal gelei? (1 x 1) (1)

2.1.2 Definieer die konsep *dekolonisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.3 Noem die DRIE bevrydingsbewegings in die bron wat die Alvor Ooreenkoms in 1975 onderteken het. (3 x 1) (3)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik wat tot ineenstorting van die Alvor Ooreenkoms in 1975 gelei het. (2 x 2) (4)

2.2 Gebruik Bron 2B.

2.2.1 Noem die TWEE lande in die bron wat besluit het om die MPLA-regering te verdedig. (2 x 1) (2)

2.2.2 Verduidelik die begrip *domino-effek* in die konteks van die Koue Oorlog in Angola. (1 x 2) (2)

2.2.3 Haal bewyse uit die bron aan wat voorstel dat die Sowjetunie gepoog het om 'n militêre basis in Angola te vestig. (1 x 2) (2)

2.2.4 In die konteks van die Koue Oorlog, wat word met die woorde 'Amerikaanse amptenare (het) geweet dat die Angolese Burgeroorlog as 'n ware bedreiging vir hul belange dwarsoor Afrika gedien het', geïmpliseer? (2 x 2) (4)

2.3 Lees Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die bron, was die vraag dat Suid-Afrika tot 'n ooreenkoms met die MPLA sou kom, buite die kwessie? (1 x 2) (2)

2.3.2 Noem TWEE Suid-Afrikaanse staatsagentskappe waarna in die bron verwys word, wat in 1975 met beide die FNLA en UNITA in Angola en Europa ontmoet het. (2 x 1) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling, ' 'n Angola onder hulle (FNLA en UNITA) beheer deel sou vorm van 'n anti-kommunistiese blok in suidelike Afrika'. (1 x 2) (2)

2.3.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom Suid-Afrika beperkte militêre hulp en finansiering aan beide die FNLA en UNITA verleen het. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2B en 2C. Verduidelik hoe hierdie bronne eenders is met betrekking tot die betrokkenheid van die VSA en Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog tussen 1974 en 1976. (2 x 2) (4)

2.5 Raadpleeg Bron 2D.

2.5.1 Watter boodskappe word in hierdie plakkaat oorgedra met betrekking tot die betrokkenheid van die VSA en Suid-Afrika by die Angolese Burgeroorlog tussen 1974 en 1976? (2 x 2) (4)

2.5.2 Verduidelik die beperkinge van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die Angolese Burgeroorlog tussen 1974 en 1976 navors. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik waarom buitelandse magte tussen 1974 en 1976 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het. (8)

**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET VERSKILLENDE VORME VAN SITSTAKINGS GEDURENDE DIE 1960's TOT DESEGREGASIE VAN OPENBARE GERIEWE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D en beantwoord die vrae wat volg.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Haal die nie-gewelddadige protesaksie uit die bron aan waarby die vier kollegestudente van Noord-Carolina betrokke was. (1 x 1) (1)

3.1.2 Definieer die term *boikot* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Verduidelik wat met die stelling, 'Meer as 'n duisend jong mense was teen die einde van die week by die sitstaking betrokke', in die konteks van die beëindiging van segregasie in die VSA geïmpliseer word. (2 x 2) (4)

3.2 Raadpleeg Bron 3B.

3.2.1 Wie, volgens die bron, was die leier van die Tougaloo Nege? (1 x 1) (1)

3.2.2 In die konteks van segregasie in die VSA, lewer kommentaar op wat met die woorde, 'Daar is 'n Kleurling-biblioteek in Millstraat', oorgedra word. (2 x 2) (4)

3.2.3 Hoe, volgens die bron, het die volgende op die verhoor van die Tougaloo Nege by die hof gereageer?

(a) Wit mense (1 x 1) (1)

(b) Swart mense (1 x 1) (1)

3.2.4 Verduidelik waarom hierdie bron betroubaar is vir 'n geskiedkundige wat die nie-gewelddadige aksie deur swart Amerikaners om geriewe in Amerika gedurende die 1960's te integreer, navors. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat in die foto oorgedra word oor die swem-staking ('swim-in') wat op 7 Augustus 1962 in Raleigh, Noord-Carolina plaasgevind het. (2 x 2) (4)

3.3.2 In die konteks van integrasie, watter gevolgtrekking kan uit die foto gemaak word rakende die twee aparte groepe buite die swembad? (1 x 2) (2)

3.4 Gebruik Bron 3D.

3.4.1 Haal DRIE bewyse uit die bron aan wat voorstel dat die Burgerregtebeweging se nie-gewelddadige strategie om geriewe in die Suide te desegregeer, 'n sukses was. (3 x 1) (3)

3.4.2 Verduidelik die term *integrasie* in die konteks van die Burgerregtebeweging. (1 x 2) (2)

3.4.3 Maak 'n lys van VIER geriewe in die bron wat volgens 'n versoek deur President Kennedy vir alle Amerikaners oopgestel moes word. (4 x 1) (4)

3.4.4 Noem die wetgewing in die bron wat in 1964 rassesegregasie in openbare geriewe en indiensneming verban het. (1 x 1) (1)

3.4.5 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom McCain op 1 Februarie 1960 gevoel het dat om op 'n stoel te sit:

(a) Die 'mees bevrydende gevoel' ooit was (1 x 2) (2)

(b) Die 'mees suiwerende gevoel' ooit was (1 x 2) (2)

3.5 Vergelyk Bron 3A en 3D. Verduidelik hoe die inligting in Bron 3A die bewyse in Bron 3D ondersteun rakende die nie-gewelddadige protes om gedurende die 1960's geriewe in die Verenigde State van Amerika te desegregeer. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die verskillende vorme van sitstakings in die 1960's tot die desegregasie van openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika bygedra het. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar NIE meer as TWEE vrae in hierdie AFDELING NIE.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

Die taktieke en strategieë wat die Verenigde State van Amerika tussen 1963 en 1975 gedurende die oorlog in Viëtnam teen die Viëtkong gebruik het, was 'n klaaglike mislukking.

Stem jy met die stelling saam? Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

### VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

Die Kongo se onafhanklikwording van België in Junie 1960 het verwagtinge vir 'n nuwe en beter lewe vir alle Kongolese geskep.

Bespreek hierdie stelling krities met verwysing na die politieke, ekonomiese, maatskaplike en kulturele beleide wat Mobutu Sese Seko vanaf die 1960's tot 1970's in die Kongo geïmplementeer het. **[50]**

### VRAAG 6: BURGERLIKE PROTES VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

Verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie swart Amerikaners bemagtig (geïnspireer) het om gedurende die 1960's selfversekerd te wees en dinge vir hulleself te doen (selfstandig te wees).

Gebruik relevante bewyse om jou argument te ondersteun. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2021

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN VANAF 1947 KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VERDIEP?

### BRON 1A

Die bron hieronder beklemtoom die verwoesting en vernietiging wat die Tweede Wêreldoorlog op die Europese ekonomie gehad het en die behoefte om dit te herbou.

Na-oorlogse Europa was in 'n haglike toestand. Miljoene burgers het gesterf of is ernstig in die Tweede Wêreldoorlog beseer.

Baie stede, onder meer sommige van die voorste industriële en kulturele sentrums van Groot Brittanje, Frankryk, Duitsland, Italië en België, is verwoes. Verslae wat aan Marshall (Minister van Buitelandse Sake) verskaf is, het daarop gedui dat sommige streke van die kontinent op die rand van hongersnood was omdat landbou- en ander voedselproduksie deur die gevegte ontwrig is.

Boonop het die streek se vervoerinfrastruktuur – spoorweë, paaie, brûe en hawens – aansienlike skade gedurende lugaanvalle opgedoen en die skeepsmagte van baie lande is gesink. Eintlik kan daar maklik aangevoer word dat die Verenigde State van Amerika die enigste wêreldmag was wat nie struktureel deur die konflik geaffekteer is nie.

Die heropbou wat deur die Marshall-plan gekoördineer is, is in die laaste helfte van 1947, ná 'n vergadering van die deelnemende Europese state geformuleer. Dit is belangrik om daarop te let dat uitnodigings ook aan die Sowjetunie en hulle satellietstate gerig is. Hulle het egter geweier om by die poging aan te sluit …

[Uit https://www.history.com/topics/world-war-ii/marshall-plan-1. Toegang op 29 Augustus 2021 verkry.]

**BRON 1B**

Die bron hieronder is deel van 'n toespraak wat op 5 Junie 1947 deur George Marshall, die Minister van Buitelandse Sake van die Verenigde State van Amerika (VSA), by Harvard Universiteit gelewer is. Dit fokus op die VSA se voorneme om finansiële hulp aan Europese lande te verskaf.

Dit is logies dat Amerika alles in hulle vermoë moet doen om bystand te verleen met die terugkeer van normale ekonomiese welstand in die wêreld, waarsonder daar geen politieke stabiliteit en geen gewaarborgde vrede kan wees nie. Ons beleid is nie teen enige land of leerstelling gerig nie, maar teen honger, armoede, desperaatheid en chaos. Die doel moet die herlewing van 'n werkende ekonomie in die wêreld wees om die opkoms van politieke en maatskaplike omstandighede toe te laat waarbinne vrye instellings kan bestaan. Ek is daarvan oortuig dat sulke bystand nie op 'n stuksgewyse basis moet plaasvind soos wat verskillende krisisse ontwikkel nie.

Enige bystand wat hierdie regering in die toekoms kan gee, moet eerder 'n kuur as 'n blote gerusstelling wees. Ek is seker dat enige regering wat gewillig is om bystand met die hersteltaak te verleen, die volle samewerking van die Amerikaanse regering sal kry. Enige regering wat probeer om die herstel van ander lande te keer, kan nie hulp van ons verwag nie. Verder sal regerings, politieke partye of groepe wat menslike ellende vererger (uitbrei) sodat hulle polities of andersins daarby sal baat, teenstand van Amerika ondervind.

Dit is alreeds duidelik dat, voordat die Amerikaanse regering enigsins kan voortgaan met hulle pogings om die situasie te verbeter en om te help om die Europese wêreld op hulle pad na herstel te kry, daar eers 'n mate van ooreenstemming tussen Europese lande moet wees oor die vereistes van die situasie asook die rol wat daardie lande self sal speel om watter maatreëls ook al deur hierdie regering getref word, behoorlik te laat werk.

[Uit *Book of Great Speeches* deur A Burnet]

**BRON 1C**

Die bron hieronder fokus op die redes wat die Sowjetunie se Minister van Buitelandse Sake, VM Molotov, tydens 'n vergadering wat op 2 Julie 1947 in Parys gehou is, vir die verwerping van die Marshall-plan aangevoer het.

Die Sowjet- Minister van Buitelandse Sake, VM Molotov, loop uit 'n vergadering met verteenwoordigers van die Britse en Franse regerings, wat 'n teken van die Sowjetunie se verwerping van die Marshall-plan is. Molotov se optrede het aangedui dat Koue Oorlog-wrywing (konflik) tussen Amerika en Rusland besig was om te verdiep.

Die Sowjet-reaksie op Marshall se toespraak was 'n doodse (vyandige) stilte. Minister van Buitelandse Sake, Molotov, het egter toegestem tot 'n vergadering op 27 Junie 1947 met sy Britse en Franse eweknieë om die Europese reaksie op die Amerikaanse aanbod te bespreek.

Molotov het onmiddellik die Sowjet-besware teen die Marshall-plan duidelik gemaak. Eerstens sou dit ekonomiese bystand aan Duitsland insluit, en die Russe kon nie sulke bystand aan die vyand verdra wat die Sowjetunie so onlangs verwoes het nie. Tweedens het Molotov onversetlik (hardkoppig) daarop aangedring dat die Sowjetunie volkome beheer en vryheid van optrede kry oor enige Marshall-plan-fondse wat Duitsland sou ontvang. Laastens wou die Minister van Buitelandse Sake presies weet hoeveel geld Amerika aan elke nasie sou gee. Toe dit duidelik geword het dat die Franse en Britse verteenwoordigers nie sy besware gedeel het nie, het Molotov uit die vergadering op 2 Julie 1947 gestorm.


Vanuit die Sowjette se oogpunt het hulle weiering om aan die Marshall-plan deel te neem, hulle begeerte om van Amerikaanse ekonomiese imperialisme en oorheersing vry te bly, aangedui.

Die Sowjetunie het in die daaropvolgende weke hulle Oos-Europese bondgenote onder druk geplaas (geforseer) om alle Marshall-plan-bystand te verwerp. Daardie druk was suksesvol en geeneen van die Sowjet-satelliete (kolonies) het aan die Marshall-plan deelgeneem nie. Die Sowjet-pers het beweer dat die Amerikaanse program 'n 'plan vir inmenging in die binnelandse sake van ander lande' was. Die Amerikaners het die Sowjet-optrede geïgnoreer en, in 1948, het hulle die Marshall-plan amptelik bekendgestel en begin om fondse aan ander Europese nasies te voorsien.

[Uit https://www.history.com/this-day-in-history/soviet-union-rejects-marshall-plan-assistance. Toegang op 2 Junie 2021 verkry.]

**BRON 1D**

Die spotprent hieronder is op 4 Oktober 1947 deur 'n Duitser, William Wolpe, ook as Woop bekend, geteken. Dit beeld die pogings uit wat President Truman van die Verenigde State van Amerika en die Kongres vanaf 1947 aangewend het om die Marshall-plan in Europa te implementeer.




Uit https://www.cvce.eu/en/obj/cartoon_by_woop_on_implementation_of_the_marshall_plan_4_october_1947-en-cd3b0171-d6f3-4600-9f8b-f455a1575e14.html. Toegang op 2 Junie 2021 verkry.]

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder beskryf kortliks die impak van die ontwikkelinge in Portugal wat tot die onafhanklikheid van Angola in 1975 gelei het en die daaropvolgende magstryd tussen die drie Angolese vryheidsbewegings (MPLA, FNLA en UNITA).

Junior offisiere van die Movement of the Armed Forces (MFA) het in April 1974 die Salazar-Caetano-regime in Portugal omvergewerp en die proses van dekolonisasie begin.

In 1974 het 'n vlaag (opwelling) diplomatieke en politieke aktiwiteite egter tuis (Angola) en in die buiteland teen onderhandelde onafhanklikheid gemitigeer (aangehelp). Namate die begeerte na imperiale beheer oor Angola in 1975 afgeneem het, het gevegte in baie Angolese provinsies asook in die hoofstad, Luanda, uitgebreek waar die magte van die Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA), die National Front for the Liberation of Angola (FNLA) en die National Union for the Total Independence of Angola (UNITA) daarop ingestel was om vrede met gesamentlike patrollies te handhaaf. Die koloniale mag en die drie bewegings het in Januarie 1975, onder hewige internasionale druk, 'n ooreenkoms in Alvor, Portugal, onderteken wat voorsiening gemaak het vir 'n oorgangsregering, 'n grondwet, verkiesings en onafhanklikheid.

Hierdie Alvor Ooreenkoms het egter vinnig in duie gestort en die oorgangsregering het skaars gefunksioneer. In daaropvolgende konfrontasies het die FNLA militêre ondersteuning by Zaïre gekry met die steun van China en Amerika, terwyl die MPLA onder Agostinho Neto veld gewen het, veral in Luanda, met die steun van die Sowjetunie en Kubaanse troepe. Angola het op 11 November 1975 onafhanklik geword. Die FNLA en UNITA is uit die stad en die regering weggelaat en 'n sosialistiese eenparty-regime is gevorm wat uiteindelik internasionale erkenning verkry het, alhoewel nie van Amerika af nie.

[Uit https://rc-services-assets.s3.eu-west-1.amazonaws.com/s3fs-public/From_military_peace_to_social_justice_The_Angolan_peace_process_Accord_Issue_15.pdf. Toegang op 6 Junie 2021 verkry.]

**BRON 2B**

Die uittreksel hieronder fokus op die redes waarom die Verenigde State van Amerika (VSA) in 1975 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.

Die Sowjetunie en Kuba het hulle verdediging van die MPLA-regering verskerp. Die Sowjette het hulle ekonomiese hulp uitgebrei, terwyl die Kubane wat aanvanklik ongeveer 15 000 grondtroepe na die streek gestuur het, die getal binne 'n jaar tot amper 36 000 laat styg het.

Amerika se ingryping in Angola is hewig deur verskeie faktore beïnvloed. Eerstens, byna net soos in Vietnam, het Amerikaanse leiers, soos die Minister van Buitelandse Sake, Henry Kissinger, geglo dat 'n kommunistiese oorname in Angola tot 'n domino-effek in die res van suidelike Afrika sou lei. Indien Angola sou val, is daar gevrees dat Rusland, Kuba en, tot 'n mindere mate China, dit sou waag om rewolusie regdeur die Afrika-kontinent na te jaag wat Pan-Afrikanisties en kommunisties van aard sou wees, eerder as nasie-gebaseerd en kapitalisties georiënteerd.

Tweedens, langs die noordelike kusgedeelte van die land was daar enorme olievelde. Nie Amerika óf die Sowjetunie wou hê dat sulke bronne in die ander een se hande moes beland nie. Angolese olie kon beide nasies potensieel ekonomies baat en kon ook help om die koste van militêre operasies in die kontinent te besnoei indien dit in die toekoms sou plaasvind.

Derdens, het die CIA (Amerikaanse Intelligensiediens) gevrees dat die Sowjetunie probeer het om 'n militêre basis in Angola op te rig. Hierdie vrees is op historiese bewyse gebaseer. Die Russe het 'n 1977 'n staatsgreep, gelei deur Angola se voormalige Minister van Binnelandse Sake, Nito Alves, ondersteun. Alhoewel Alves uiteindelik deur Neto na afloop van die Nitisa ('n naam wat aan die volgelinge van Alves gegee is) tereggestel is, het Amerikaanse amptenare geweet dat die Angolese Burgeroorlog as 'n ware bedreiging vir hul belange dwarsoor Afrika gedien het.

[Uit https://www.atomicheritage.org/history/proxy-wars-during-cold-war-africa.
Toegang op 6 Junie verkry.

**BRON 2C**

Die bron hieronder verduidelik Suid-Afrika se buitelandse beleidsvoorstel aan die FNLA en UNITA om streekstabiliteit te verseker.

Vanuit die staanspoor was die vraag om 'n ooreenkoms met die MPLA te sluit, buite die kwessie. Die publiek was baie sensitief oor enige sinspeling van die verspreiding van kommunistiese invloed – oor die algemeen gestel – in enige deel van Afrika of die Indiese Oseaan.

Die regering in Pretoria het gevolglik 'n reeks tentatiewe voorstelle aan die FNLA en UNITA gemaak om te sien of 'n Angola wat deur een van die twee regeer sou word, die streekstabiliteit en veiligheid wat Suid-Afrika verlang het, kon voorsien. Amptenare van die SAW se militêre intelligensie en die Buro vir Staatsveiligheid (BOSS) het vanaf Februarie 1975 gereeld die hoër range van beide organisasies in Angola en Europa ontmoet.


Beide die FNLA en UNITA was desperaat vir hulp en het gesê wat Suid-Afrika wou hoor: naamlik dat 'n Angola onder hulle beheer deel sou vorm van 'n anti-kommunistiese blok in suidelike Afrika, gebou op die drie pilare van ekonomiese interafhanklikheid, goeie buurmanskap en nie-inmenging in mekaar se sake.

Van deurslaggewende belang was dat beide hulle daartoe verbind het om te weier dat SWAPO militêre aksies vanaf basisse in suidelike Angola kon onderneem. Volgens FJ du Toit Spies (geskiedkundige), het 'dr. Savimbi belowe dat SWAPO-aanvalle op Suidwes-Afrika nie toegelaat sou word nie.' Om nie oorskadu te word nie, het die FNLA gesê dat hulle die SAW sou toelaat om hakkejag-operasies ('hot pursuit operations') teen SWAPO-operateurs tot 80 kilometer binne-in Angola uit te voer. Gevolglik het die regering in Pretoria oor die komende maande beperkte militêre hulp en finansiering aan beide organisasies verskaf.

[Uit *Reassessing South Africa's intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976, Journal of Cold War Studies*. *Summer 2013*, Vol. 15, Uitgawe 3 deur J Miller]

**BRON 2D**

Die foto hieronder is 'n plakkaat met die titel 'ANGOLA: ANOTHER VIETNAM' ('ANGOLA: NOG 'N VIËTNAM'). Dit doen 'n beroep op Suid-Afrika en Amerika om uit die Angolese konflik te onttrek.




[Uit https://postermuseum.com/products/angola-support-the-mpla. Toegang op 10 September 2021 verkry.]

**SKOP SUID-AFRIKAANSE RASSISME UIT**

**SKOP AMERIKAANSE RASSISME EN IMPERIALISME UIT**

**ONDERSTEUN DIE MPLA**

**VRAAG 3: HOE HET VERSKILLENDE VORME VAN SITSTAKINGS GEDURENDE DIE 1960's TOT DESEGREGASIE VAN OPENBARE GERIEWE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA BYGEDRA?**

**BRON 3A**

Die bron hieronder fokus op die redes waarom jong swart Amerikaanse studente in 1960 besluit het om 'n sitstaking by 'n Woolworths-winkel in Greensboro, Noord-Carolina te hou.

Dit was kollegestudente wat die vlam laat herleef het met 'n skynbaar nuwe vorm van nie-gewelddadige konfrontasie (uitdaging) – die sitstaking. … Vier manlike studente (Ezell Blair Jr., Franklin McCain, Joseph McNeil en David Richmond) van die North Carolina Agricultural and Technical College (A&T) het op 1 Februarie 1960 in Woolworths in die middestad in Greensboro ingestap en op stoele by die winkel se eettoonbank gaan sit. Toe die kelnerinne weier om hulle te bedien, het die studente geweier om te loop. Twee van hulle was lede van die Greensboro National Association for the Advancement of Colored People (NAACP) se jeuggroep wat, ongeduldig oor die stadige pas van skooldesegregasie en die gebrek aan momentum ná die Montgomery-busboikot, geagiteer het (mense aangehits het) om dinge weer aan die gang te kry. Die Youth Council is deur 'n NAACP-amptenaar, Ella Baker, ná 'n besoek aan Greensboro gestig.

Nadat daar geweier is om hulle by Woolworths te bedien, het die vier die volgende dag teruggekeer en hierdie keer het hulle meer as twintig medestudente saamgebring. Die dag daarna het ses-en-sestig studente van Agricultural and Technical (A&T) en ander kolleges en universiteite regdeur die area daar opgedaag. Meer as 'n duisend jong mense was teen die einde van die week by die sitstaking betrokke, wat nie net die inwoners van Greensboro nie, maar ook die res van die Suide en die nasie, geskok het.

Studente in nabygeleë Winston-Salem en Durham het spoedig hul eie betogings gehou. Honderde studente het sitstakings in die middestad van Nashville gehou. Betogings het in Suid-Carolina, Florida en Virginië uitgebreek wat mekaar soos 'n string klappers aan die brand gesteek het. Meer as vyftig duisend mense regoor die Suide het teen April aan die sitstakings in agt-en-sewentig dorpe en stede deelgeneem en meer as twee duisend betogers is in hegtenis geneem.

[Uit *Freedom's Daughters* deur L Olson]

**BRON 3B**

Die bron hieronder is 'n gedeelte van 'n onderhoud wat in 2015 tussen Joseph Jackson Jr. (leier van die Tougaloo Nege) en skrywer Gabriel San Román van die *Orange County Weekly* in Kalifornië gevoer is. Dit fokus op die interaksie wat op 27 Maart 1961 tussen nege studente van Tougaloo College en die biblioteekamptenare oor hulle sitstaking (lees-staking) by die 'slegs-blankes' Jackson Openbare Biblioteek in Mississippi plaasgevind het.

Joseph Jackson Jr., hulle leier, het die verspreidingstoonbank genader. Met sy hart wat vinnig klop het hy 'n boodskap wat hy gememoriseer het, gemompel: 'Mevrou, ek wil weet of julle hierdie filosofieboek het. Ek het dit vir 'n navorsingsprojek nodig.'

'Jy weet jy hoort nie hier nie!' het die biblioteekassistent geskree en die biblioteekdirekteur geroep.

'Kan ek jou help?' het die biblioteekdirekteur gevra, terwyl sy uit haar kantoor gekom het. 'Ons doen navorsing,' het die studente geantwoord.

'Daar is 'n Kleurlingbiblioteek in Millstraat,' het sy gesê. 'Julle is welkom daar.'

Jackson het later berig dat die polisie feitlik onmiddellik die gebou binnegekom en die studente beveel het om die biblioteek te verlaat. Niemand het geroer nie. Die hoof van die polisie het hulle toe in kennis gestel dat hulle almal in hegtenis geneem sou word.

Ses beamptes het die studente in patrolliemotors gesit en by die stasie vir verbreking van vrede aangekla omdat hulle nie die biblioteek verlaat het toe hulle beveel is om dit te doen nie. Hulle is aangekla en in die plaaslike gevangenis aangehou.

Die studente is 'n paar dae later hof toe geneem om verhoor te word. Honderde wit mense het onder 'n groot Konfederasie-vlag 'n paar blokke verder 'n optog deur die strate van die stad gehou. Sowat 100 swart ondersteuners het egter by die hof byeengekom om, wat nou as die 'Tougaloo Nege' bekend gestaan het, te bemoedig.

[Uit *The Orange County Weekly* in Kalifornië deur GS Román]

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon jong swart Amerikaners en wit mense wat op 7 Augustus 1962 aan 'n swem-staking ('swim-in') (om te betoog teen segregasie by swembaddens) by Pullen Park se swembad in Raleigh, Noord-Carolina deelneem. Daar is twee groepe in die agtergrond van die foto, swart Amerikaners wat sit en wit Amerikaners wat eenkant staan.



[Uit https://davidcecelski.com/2018/07/20/the-color-of-war-part-9-wade-ins-and-swim-ins/. Toegang op 4 Augustus 2021 verkry.]

**'N GROEP JONG SWART AMERIKANERS**

**'N GROEP WIT JONGMENSE**

**BRON 3D**

Die bron hieronder brei uit oor hoe nie-gewelddadige sitstakingbetogings in die 1960's tot die desegregasie van geriewe in die Verenigde State van Amerika bygedra het.

Ses maande nadat die sitstakings begin het, het Harris, die bestuurder van die Greensboro Woolworths, finaal ingegee: Die sitstakings het hom alreeds $150 000 aan verlore besigheid gekos. Die eettoonbank het op 25 Julie 1960 hul eerste swart kliënte bedien – vier Woolworths-werknemers wat in die winkel se kombuis gewerk het. Die polisie het in sommige stede traangas of brandslange op betogers gebruik. In Jacksonville, Florida, het wit mense deelnemers aan die sitstakings met bylstele en bofbalkolwe aangerand. Maar, teen die einde van die jaar, het integrasie van eettoonbanke in die meeste van die stede in die Suide plaasgevind. Die burgerregtebetogings het nie met 'n koppie koffie by Woolworths geëindig nie ...

President John F Kennedy het op 11 Junie 1963, tydens 'n regstreekse televisie-uitsending uit die Ovaal Kantoor, 'n beroep gedoen vir wetgewing wat 'alle Amerikaners die reg sou gee om bedien te word in geriewe wat vir die publiek oop is – hotelle, restaurante, teaters, winkels en soortgelyke instellings'. Sitstakings en optogte, tesame met Kennedy se sluipmoord in 1963, het ondersteuning van die Burgerregtewet van 1964, wat rassesegregasie in openbare geriewe en indiensneming verban het, aangevuur. Kennedy se opvolger, President Lyndon B Johnson, het in Julie 1964 die wet bekragtig.

Daar is deesdae nie meer 'n Woolworths-winkel in die middestad van Greensboro nie – die maatskappy het in 1997 die laaste van hulle winkels in Amerika gesluit. Maar op 1 Februarie 2010, met die 50ste herdenking van die sitstakings, sal die gebou waar die Greensboro-winkel eers was, as die International Civil Rights Center & Museum oopmaak. McCain (een van die vier manlike studente), wat van plan is om die opening by te woon, sê hy sal nooit vergeet hoe hy op 1 Februarie 1960 op die ouderdom van 17 gevoel het nie. 'Ek het nog nooit in my lewe so gevoel nie, deur bloot op 'n stoel te sit,' het hy gesê. 'Dit was die mees bevrydende en die mees suiwerende (skoonmakende) gevoel wat ek nog ooit gehad het – die soort gevoel wat ek nooit weer in my lewe sal hê nie.'

[Uit *The Greensboro Sit-Ins* deur S Bilyeu]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Bilyeu, S. 2003. *The Greensboro Sit-Ins* (New York)

Burnet, A. 2006. *Book of Great Speeches* (Chambers Harrap Publishers Ltd)

https://davidcecelski.com/2018/07/20/the-color-of-war-part-9-wade-ins-and-swim-ins/
https://postermuseum.com/products/angola-support-the-mpla

https://rc-services-assets.s3.eu-west-1.amazonaws.com/s3fs-public/From_military_peace_to_social_justice_The_Angolan_peace_process_Accord_Issue15.pdf

https://www.atomicheritage.org/history/proxy-wars-during-cold-war-africa

https://www.cvce.eu/en/obj/cartoon_by_woop_on_implementation_of_the_marshall_plan4october_1947-en-cd3b0171-d6f3-4600-9f8b-f455a1575e14.html

https://www.history.com/this-day-in-history/soviet-union-rejects-marshall-plan-assistance

https://www.history.com/topics/world-war-ii/marshall-plan-1

Miller, J. *Reassessing South Africa's intervention in the Angolan Civil War, 1975–1976*, *Journal of Cold War Studies*, *Summer 2013*, Vol. 15, Uitgawe 3. University of Pittsburgh

Olson, L. 2001. *Freedom's Daughters* Scribner (New York)

Román, GS. 2002. *The Orange County Weekly* in Kalifornië

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2021

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 28 bladsye.**

## 1. BRONGEBASEERDE VRAE

**1.1 Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| Kognitiewe Vlakke | Historiese vaardighede | Gewigstoekenning van vrae |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30%<br>(15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40%<br>(20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings | **30%<br>(15)** |

**1.2 Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om 'n standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien

**1.3 Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik 'n regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord.
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓).
- Indien 'n vraag 4 punte tel, word 4 regmerkies (✓✓✓✓) aangedui.

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer 'n antwoord op 'n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas 'n kolpunt (.) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.

- Maak regmerkies **(√)** wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee 'n kort kommentaar bv.

  ___________ •_____________________________________________

  _________________•_____________________________• _______________

  √√√√ Vlak 2

**KOMMENTAAR**
Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerkies vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt op die kantlyn regs onder, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van die antwoordeboek oorgedra word.

## 2. OPSTELVRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op 'n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om 'n redelike reeks feite of 'n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat 'n opstel 'n inleiding, 'n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en 'n slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by 'n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by 'n riglyn vir nasien van 'n spesifieke opstel.

### 2.3 Globale assessering van 'n opstel

Die opstel sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die opstel as 'n geheel sal bepunt sonder om die hoofpunte afsonderlik te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n oorspronklike argument aan te bied deur relevante bewyse te gebruik om 'n argument te ondersteun. Daar sal **nie** van die leerder verwag word om slegs inhoud (feite) neer te skryf om 'n vlak 7 (hoë punt) te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ontmoedig om opstelle voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die leerder se interpretasie van die vraag
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse (relevant inhoud-seleksie)
- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument (beplan, gestruktureer en 'n onafhanklike argument)

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die opstel nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die opstel moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne), vir elke hoofaspek/liggaam van die opstel wat die argument ondersteun (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne) en 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt 'bullet' in die nasienriglyne)
Bv. In 'n opstel waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL**-struktuur in gedagte in die assessering van 'n opstel.

| | |
|---|---|
| **P** | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met 'n argument/'n duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet 'n punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| **E** | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| **E** | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevante voorbeelde moet gegee word om argument vol te hou. |
| **L** | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.3 Die volgende simbole **MOET** gebruik word in die assessering van 'n opstel:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie — ^
- Verkeerde stelling — ________________
- Irrelevante stelling — |<br>|<br>|
- Herhaling — R
- Analise — A√
- Interpretasie — I√
- Argument — LOA ↕

## 2.5 Die matriks

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Vraag herkenbaar in antwoord.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELLE: TOTAAL: 50

| | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1* |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **AANBIEDING** → <br> **INHOUD** ↓ | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevante tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoud-seleksie relevante tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevante. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1*** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### * Riglyne vir die toekenning van 'n punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Inhoud-seleksie sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; klein poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAAG

## VRAAG 1: HOE HET DIE MARSHALL-PLAN VANAF 1947 KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) EN DIE SOWJETUNIE (USSR) VERDIEP?

1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1A – V1]*

- 'Miljoene burgers het gesterf of is ernstig in die Tweede Wêreldoorlog beseer. '
- 'Baie stede, onder meer sommige van die voorste industriële en kulturele sentrums van Groot Brittanje, Frankryk, Duitsland, Italië en België, is verwoes.'
- 'Sommige streke van die kontinent was op die rand van hongersnood'
- 'Die streek se vervoerinfrastruktuur – spoorweë, paaie, brûe en hawens – het aansienlike skade gedurende lugaanvalle opgedoen'
- 'Die skeepsmagte van baie lande is gesink' (enige 2 x 1) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A – V2]*

- Die Tweede Wêreldoorlog het oor Europa/Asië en het nie oor die VSA
- Die VSA het op 'n later stadium by die oorlog aangesluit/isolasie beleid
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Definisie van konsep uit Bron 1A - V1]*

- 'n land wat deur 'n sterker land beheer word/supermoontheid
- Oos-Europese lande wie se regerings deur die USSR oorgeneem en beheer as hulle kolonies
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1A – V2]*

- Hulle wou nie saam met die VSA betrokke gewees het nie
- Hulle wou nie deur kapitalisme beïnvloed word nie
- Hulle wou kommunisme beskerm en handhaaf / Hulle het die Marshall Plan as 'n uitdaging vir kommunisme beskou.
- Die Sowjetunie het hul eie ekonomiese plan gehad (COMECON) /D ie sateliet state het bedreig gevoel deur die Sowjetunie
- Die Sowjetunie het die Marshall Plan beskou as dollar imperialisme
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1B – V1]*

- 'Honger'
- 'Armoede'
- 'Desperaatheid'
- 'Choas' (4 x 1) (4)

Kopiereg voorbehou 

1.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1B – V2]*

- Deur by te dra tot die ekonomiese herstel van Wes-Europa deur die rekonstruksie van nywerhede
- Marshall-bystand is beskikbaar gestel aan lande wat hulp nodig gehad het
- Om werkende ekonomieë van die wêreld te laat herleef
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*

- 'daar eers 'n mate van ooreenstemming tussen Europese lande moet wees oor die vereistes van die situasie'
- ' die rol wat daardie lande self sal speel om watter maatreëls ook al deur hierdie regering' (2 x 1) (2)

1.2.4 *[Bepaling van bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*

**Die bron is bruikbaar omdat:**

- Dit is 'n uittreksel uit 'n toespraak (eerste handse bron) is wat op 5 Junie 1947 by Harvard University gelewer is
- Die toespraak is deur die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake George Marshall gelewer
- Die toespraak is gelewer teen die tyd toe die Koue Oorlog in Europa begin het as gevolg van die verwoesting van die Tweede Wêreldoorlog
- Dit beklemtoon hoe die Marshall-plan beplan het om Wes-Europese lande te help
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1C – V1]*

- 'Britse'
- 'Franse' (2 x 1) (2)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron1C – V1]*

- 'die Russe kon nie sulke bystand aan die vyand verdra wat die Sowjetunie so onlangs verwoes het nie'
- 'Molotov onversetlik (hardkoppig) daarop aangedring dat die Sowjetunie volkome beheer en vryheid van optrede kry oor enige Marshall-plan-fondse wat Duitsland sou ontvang' (2 x 1) (2)

1.3.3 *[Verduideliking van 'n konsep uit Bron 1C – V2]*

- Ekonomiese beheer van lande buite die grense van groot moondhede (In hierdie geval het die VSA die Marshall-plan gebruik om die ekonomiese sake van die hele wêreld te beheer)
- VSA se gebruik van dollar mag in die vorm van die Marshall Plan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1C – V2]*
- Die beeld van die Sowjetunie sou in gedrang kom indien die satellietstate die Marshall-plan sou aanvaar
- Die Marshall-plan sou kommunistiese regerings in Oos-Europa in kapitalistiese lande omskep wat sou impliseer dat kommunisme besig was om te misluk
- Om te verhinder dat Oos-Europese state die voordele van kapitalisme geniet wat hulle teen kommunisme sou draai
- Die Marshal Plan was beskou as ‘n inmenging in die huishoudelike sake van Oos Europese lande
- Hulle wou vry wees van Amerikaanse ekonomiese imperialisme en oorheersing
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 1B en 1C om hul verskille te bepaal – V3]*
- In Bron 1B het die Amerikaners beplan om te help met die terugkeer van normale ekonomiese welsyn van die wêreld terwyl Molotov in Bron 1C die Amerikaanse ingryping as Amerikaanse ekonomiese imperialisme en beheer beskou het
- In Bron 1B het die Amerikaners die Marshall-plan geïmplementeer om die werkende ekonomieë van die wêreld, waarbinne vrye instansies kon bestaan, te laat herleef terwyl Molotov in Bron 1C die Marshall-plan as inmenging in ander lande se huishoudelike sake beskou het
- In Bron 1B het die VSA verwag dat die Marshall-plan in alle Europese lande toegepas moet word terwyl Bron 1C uitwys dat Oos-Europese lande onder druk geplaas is om die Amerikaanse bystand deur die Marshall-plan te verwerp
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5

1.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1D – V2]*
- Die implementering van die Marshall-plan het die betrokkenheid van President Truman, die Kongres (om die fondse beskikbaar te stel) en George Marshall (Minister van Buitelandse Sake – vir implementering) vereis
- President Truman word uitgebeeld as iemand wat die gereedskap gebruik/ bydra tot die Marshall-plan om met die ekonomiese herkonstruksie van Europa te begin
- Die Kongres word uitgebeeld as iemand wat diep dink of die Mashall Plan sy voorgestelde oogmerke gaan bereik.
- Die bron stel die Marshall-plan voor as 'n onvoltooide taak/–om die groot hongersnood in Europa te beveg
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron1D – V2]*
- *EUROPA* op die voorgrond stel voor dat die implementering van die Marshall-plan net vir die herlewing van Europa beplan was
- *EUROPA* is geruïneer/verwoes deur die Tweede Wêreldoorlog
- As gevolg van die Tweede Wêreldoorlog het *EUROPA* die slagveld van die Koue Oorlog geword
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die ekonomiese verwoesting van die Europese ekonomie deur die Tweede Wêreldoorlog het die teelaarde geskep vir hul rekonstruksie deur die Marshall-plan (Bron 1A)
- Uitnodiging na die Marshall-plan is ook aan Sowjetunie en sy satellietstate gegee, maar hulle het geweier om deel te neem (Bron 1A)
- Die Amerikaanse Minister van Buitelandse Sake, George Marshall, het uitgebreide spesifikasies gegee oor hoe die Marshall-plan die ekonomiese welsyn van die wêreld sou laat herleef (Bron 1B)
- Die Marshall-plan wou armoede, hongersnood, desperaatheid en wanorde uitwis (Bron 1B)
- Harry Truman het die Amerikaanse Kongres genader vir befondsing vir hulp aan Griekeland (eie kennis)
- Die Amerikaanse regering was bereid om enige regering teen te staan wat die herstel van ander lande wou teenstaan (Bron 1B) – by implikasie die Sowjetunie
- Die Sowjet Buitelandse Minister Molotov het die Marshall-plan verwerp (Bron 1C). Hy het gevoel dat dit teen die Sowjetunie gemik was
- Die Koue Oorlog-spanning het verskerp toe Molotov uit 'n vergadering met Brittanje en Frankryk loop (Bron1C) – 'n teken van die verwerping van die Marshall-plan
- Molotov was daarteen gekant dat Duitsland, wat die Sowjetunie verwoes het, finansiële bystand ontvang (Bron 1C)
- Molotov wou hê dat die Sowjetunie die fondse wat Duitsland sou ontvang, moes bestuur (Bron 1C)
- Die Sowjetunie het sy bondgnote forseer om nie die Marshal Plan te aanvaar nie (Bron 1C)
- Ongeag die teenkanting van die Sowjetunie, het die VSA voortgegaan om die Marshall Plan te implementeer (Eie kennis)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die Marshall-plan vanaf 1947 Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR verdiep het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor hoe die Marshall-plan vanaf 1947 Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR verdiep het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip oor hoe die Marshall-plan vanaf 1947 Koue Oorlog-spanning tussen die VSA en die USSR verdiep het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: WAAROM HET BUITELANDSE MAGTE TUSSEN 1974 EN 1976 BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG BETROKKE GERAAK?**

2.1

2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2A – V1]*

- 'Junior offisiere van die Movement of the Armed Forces (MFA) het in April 1974 die Salazar-Caetano-regime in Portugal omvergewerp' (1 x 1) (1)

2.1.2 *[Definisie van 'n konsep uit Bron 2A – V1]*

- Die proses waardeur gekoloniseerde lande hul onafhanklikheid van die koloniale magte begin verkry het
- Proses waar koloniale beheer oor ander lande tot 'n einde gebring is
- Proses waar 'n regering onttrek uit 'n voormalige kolonie en dit onafhanklik laat
- Die losmaak van een land of gebied van politieke oorheersing deur 'n ander land
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron2A – V1]*

- 'Popular Movement for the Liberation of Angola (MPLA)'
- 'National Front for the Liberation of Angola (FNLA)'
- 'National Union for the Total Independence of Angola (UNITA)' (3 x 1) (3)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Al drie bevrydingsorganisasies het ideologiese verskille gehad
- Al drie bevrydingsorganisasies het diep gewortelde etniese verskille gehad
- Al drie bevrydingsorganisasies het gedink dat hulle Angola alleen kon regee/onwilligheied om mag te deel
- Al drie bevrydingsorganisasies het verskillende bronne van befondsing gehad
- Al drie leiers het verskillende visies vir hulle lande gehad wat samewerking bemoeilik het/wantroue onder die leiers
- Al drie leiers is beïnvloed deur buitelandse magte wat verskillende agendas gehad het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.2

2.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'Die Sowjetunie'
- 'Kuba' (2 x 1) (2)

2.2.2 *[Verduideliking van 'n begrip uit Bron 2B – V2]*

- 'n Teorie/begrip dat indien Angola kommunisties sou word, sou al die ander lande in suidelike Afrika ook kommunisties word
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- 'die CIA (Amerikaanse Intelligensiediens) gevrees dat die Sowjetunie probeer het om 'n militêre basis in Angola op te rig'
- 'Die Russe het 'n 1977 'n staatsgreep, gelei deur Angola se voormalige Minister van Binnelandse Sake, Nito Alves, ondersteun.' (enige 1 x 2) (2)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die VSA het geweet dat die verspreiding van kommunisme in Angola tot 'n domino-effek dwarsoor Afrika sou lei wat kapitalisme sou vernietig
- Die VSA het geweet dat Kubaanse en Russiese betrokkenheid in Angola 'n bedreiging vir hulle olie en petroleumbedryf in daardie land was
- Die VSA het geweet dat die Russiese ingryping in Afrika 'n doelwit van die USSR was om militêre basisse in Afrika te bekom en om sodoende die VSA van die toneel af te verwyder
- VSA het geweet dat Afrika 'n strategiese kontinent was met betrekking tot handelsroetes en wou nie hê dat die USSR 'n leidende rol in Afrika speel nie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3

2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'Die publiek was baie sensitief oor enige sinspeling van die verspreiding van kommunistiese invloed – oor die algemeen gestel – in enige deel van Afrika of die Indiese Oseaan.' (1 x 2) (2)

2.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- 'SAW se militêre intelligensie'
- 'Buro vir Staatsveiligheid (BOSS)' (2 x 1) (2)

2.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Albei organisasies was anti-kommunisties/sou streeks stabilitiet handhaaf
- Albei hierdie bewegings het kapitalisme as 'n ekonomiese stelsel bo kommunisme verkies
- Beide hierdie bewegings sou SA ondersteun en sou saam as bondgenote van die Weste beskou word
- Hierdie bewegings wou internasionale erkenning en ondersteuning kry deur kommunisme in suidelike Afrika teen te staan
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V2]*
- Suid-Afrika wou hul betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog beperk
- Suid-Afrika het die FNLA en UNITA as gevolmagtigdes gebruik om te veg in die Angolese Burgeroorlog
- Suid-Afrika wou hul betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog 'n 'geheim' hou.
- Suid-Afrika was betrokke in ‘n oorlog teen SWAPO in Namibië
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 2B en Bron 2C om hul ooreenkomste te bepaal– V3]*
- Beide bronne toon dat die VSA en Suid-Afrika anti-kommunisties was
- Beide bronne toon die individuele belange van die VSA en Suid-Afrika om kommunisme in Angola te voorkom
- Beide bronne toon die VSA en Suid-Afrika se doelwit om kapitalisme te bevorder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5

2.5.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die plakkaat toon dat buitelandse magte nie in Angola verwelkom is nie
- Die plakkaat vertoon dat buitelandse magte in Angola betrokke was op dieselfde manier as wat hulle in Viëtnam betrokke was
- Die VSA en Suid-Afrika moet hul betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog beëindig
- Die VSA en Suid-Afrika sou imperialisme en rassisme onderskeidelik na Angola bring
- Die onttrekking van Suid-Afrika en die VSA sou die FNLA en UNITA verswak en die MPLA versterk
- VSA en Suid-Afrikaanse betrokkenheid sal aanleiding gee tot lyding en sterftes van onskuldige burgerlikes in Angola / gee aanleiding tot ‘n vlugteling kwessie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.5.2 *[Bepaling van beperkinge uit Bron 2D – V3]*

- Dit is as 'n propagandaveldtog vir die MPLA gebruik
- Dit is bevooroordeeld teenoor buitelandse magte wat die vyande van die MPLA ondersteun het, nl. FNLA en UNITA
- Dit is eensydig – plaas die blaam op kapitalistiese lande
- Daar is 'n stilswye oor die aktiwiteite van die Sowjetunie, Kuba en China omdat hulle die MPLA ondersteun het
- Die oorsprong van die bron is onbekend
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluasie en sintese van relevante bronne – V3]*

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Na die mislukking van die Alvor Ooreenkoms het die FNLA militêre ondersteuning van Zaïre, China en VSA ontvang (Bron 2A)
- Die MPLA het die amptelike regering van Angola met die ondersteuning van Rusland en Kuba geword (Bron 2A)
- Suid-Afrika het na Luanda opgeruk om 'n kommunistiese oorname te voorkom en om hul ekonomiese belange te beskerm (Eie kennis)
- VSA het nie die MPLA erken nie en die FNLA en UNITA ondersteun (Eie kennis)
- Sowjetunie het hul militêre ondersteuning aan die MPLA vergroot om kommunisme in Angola te beskerm (Bron 2B)
- Kuba het 36 000 grondtroepe gestuur om die MPLA te steun (Bron 2B)
- VSA het 'n kommunistiese domino-effek in Afrika gevrees (Bron 2B)
- VSA wou haar oliebelange in Angola beveilig (Bron 2B en eie kennis)
- NIE die VSA of die Sowjetunie wou nie hê dat die oliereserwes in mekaar se hande beland (Bron 2B)
- Suid-Afrika was gekant teen kommunisme (MPLA) en het besluit om die FNLA en UNITA te ondersteun (Bron 2C)
- Suid-Afrika wou internasionale erkenning verkry deur kommunistiese infiltrasie in suidelike Afrika teen te staan (Eie kennis)
- VSA het Suid-Afrika se pogings om die MPLA te verslaan, ondersteun deur finansiële en militêre ondersteuning te verleen (Eie kennis)
- Suid-Afrika het die FNLA en UNITA ondersteun omdat hulle hulself verbind het om SWAPO teen te staan (Bron 2C)
- Daar was teenkanting teen Suid-Afrika en VSA se betrokkenheid in Angola/dit was beskou as imperialisme en rasissisme (Bron 2D)
- Om MPLA te ondersteun (Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van waarom buitelandse magte tussen 1974 en 1976 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van waarom buitelandse magte tussen 1974 en 1976 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van waarom buitelandse magte tussen 1974 en 1976 by die Angolese Burgeroorlog betrokke geraak het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 3: HOE HET VERSKILLENDE VORME VAN SITSTAKINGS GEDURENDE DIE 1960's TOT DESEGREGASIE VAN OPENBARE GERIEWE IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA BYGEDRA?**

3.1

3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3A – V1]*
- 'Sitstaking' (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Definisie van konsep uit Bron 3A – V1]*
- Protesaksies teen beleide, wette of besluite deur entiteite wat die betogers negatief beïnvloed
- Daad om ontevredenheid of afkeur te wys deur ondersteuning te weerhou
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*
- Die sitstaking by 'n Woolworths-winkel in Greensboro was net die begin van baie sitstakings wat sou volg
- Die sitstaking het na baie stede in die Suide versprei – 'n teken van groei
- Dit het studente van Winston-Salem en Durham aangespoor om hul eie sitstakings te organiseer
- In Nashville het honderde studente aan sitstakings deelgeneem
- Die sitstakings het swart Amerikaners geïnspireer om in die Suide geriewe te desegregeer
- Protesaksies het in stede soos Carolina, Florida en Virginië uitgebreek
- Sitstakings het gelei tot ander soortgelyke protesaksies soos die 'kneel-ins' (wat in kerke was) die 'read-ins' (in openbare biblioteke), 'play-ins' in openbare parke, 'wade-ins' in swembaddens
- Die groeiende syfers bewys die ongeduldt onder Swart Amerikaners met die stadige pas van verandering van segregasie wette
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2

3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3B – V1]*
- 'Joseph Jackson Jnr.' (1 x 1) (1)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*
- Dat die swart Amerikaners die biblioteek wat vir Kleurlinge gereserveer was, moet gebruik – die segregasie/diskriminasie/Jim Crow wette waarteen die Burgerregtebeweging gekant was
- Dat swart Amerikaners nie toegelaat sou word om die 'slegs wit'-biblioteek te gebruik nie
- Die bibliotekaris was nie bereid om die biblioteek te desegregeer nie
- Die bibliotekaris was rassisties/diskriminerend teenoor die 'Tougaloo Nege
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3B – V1]*

(a)
'Honderde wit mense het onder 'n groot Konfederasie-vlag 'n paar blokke verder 'n optog deur die strate van die stad gehou.' (1 x 1)

(b) 'Sowat 100 swart ondersteuners het egter by die hof byeengekom om, wat nou as die 'Tougaloo Nege' bekend gestaan het, te bemoedig' (1 x 1) (2)

3.2.4 *[Bepaling van betroubaarheid van Bron 3B – V3]*
**Die bron is betroubaar want:**
- Die bron is 'n uittreksel uit 'n onderhoud – eerstehandse inligting
- Joseph Jackson Jr., die ondervraagde, was die leier van die 'Tougaloo-Nege
- Die ondervraer was 'n skrywer vir 'n staatsdrukker – *Orange County Weekly*
- Die gerapporteerde insident het op 27 Maart 1961 plaasgevind toe die sitstakings sy hoogtepunt bereik het
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3
3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uitBron 3C – V2]*
- Die foto wys dat beide wit en swart Amerikaners saam swem (integrasie) by die Pullen Park-swembad
- Dit toon jong swart en wit Amerikaners wat betrokke was in 'n protes om segregasie in swembaddens te beëindig
- Dit beklemtoon die moontlikheid van die beëindiging van segregasie by openbare geriewe (Pullen Park-swembad)
- Dit toon 'n poging om die Pullen Park-swembad te integreer
- Die foto wys dat sekere mense nie ten gunste was van desegregasie / integrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*
- Die twee groepe is nie gemaklik/onseker oor om dieselfde swembad te gebruik nie
- Die twee groepe was angstig (eerste ervaring) oor integrasie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4
3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3D – V1]*
- 'Harris, die bestuurder van die Greensboro Woolworths, finaal ingegee'
- 'Die sitstaking het hom alreeds $150,000 aan verlore besigheid gekos'
- 'Die eettoonbank het op 25 Julie 1960 hul eerste swart kliënte bedien – vier Woolworths-werknemers wat in die winkel se kombuis gewerk het'
- 'teen die einde van die jaar, het integrasie van eettoonbanke in die meeste van die stede in die Suide plaasgevind
- ‘Sitstakings en optogte, tesame met Kennedy se sluipmoord in 1963, het ondersteuning van die Burgerregtewet van 1964, wat rassesegregasie in openbare geriewe en indiensneming ’
- ‘President John F Kennedy het op 11 Junie 1963, tydens 'n regstreekse televisie- uitsending uit die Ovaal Kantoor, 'n beroep gedoen vir wetgewing wat 'alle Amerikaners die reg sou gee om bedien te word in geriewe wat vir die publiek oop is ’
- Dit (Burgerregte Wet) die wet bekragtig...President L Johnson in Julie 1964

(enige 3 x 1) (3)

3.4.2 *[Verduideliking van konsep uit Bron 3D – V2]*
- Stelsel wat alle Amerikaners oor die rasseverdelings heen bymekaar bring sodat hulle dieselfde openbare geriewe kan gebruik, ongeag velkleur
- 'n Oproep deur die Burgerregtebeweging vir gelykheid vir swart en wit Amerikaners in alle sfere van die lewe
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3D – V1]*
- 'hotelle'
- 'restaurants'
- 'teaters'
- 'winkels' (4 x 1) (4)

3.4.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron3D – V1]*
- 'Burgerregtewet van 1964' (1 x 1) (1)

3.4.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
(a)
- Hy het verlig gevoel want hy het die boeie van segregasie gebreek deur te sit waar hy voorheen nie toegelaat was om te sit nie / rasse segregasie teengestaan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2)

(b)
- Hy het gesuiwer (genees/skoongemaak) gevoel want hy het die stigma van minderwaardigheid en uitgeworpenheid oorkom het / sy menswaardigheid was herstel
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (4)

3.5 *[Vergelyking van bewyse in Bronne 3A en 3D om te bepaal hoe hulle mekaar ondersteun – V3]*
- Bron 3A verwys na die redes vir die sitstakings terwyl Bron 3D op die prestasies/suksesse van die sitstakings fokus
- Bron 3A verduidelik die groei van die sitstakingbeweging terwyl Bron 3D die impak van die sitstakings in die VSA beklemtoon (Burgerregtewet van 1964 is aangeneem)
- Beide bronne verwys na die sitstakings wat plaasgevind het by Woolworths, in Greensboro, North Carolina
    - beide bronne verwys na die reaksies op hierdie vorm van nie-gewelddadige protes (Bron 3A- betogers was gearresteer en in Bron 3B betogers was geslaan)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *Interpretasie, evaluasie en sintese van relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Op 1 Februarie 1960 het vier swart Amerikaanse studente by Woolworths se eettoonbanke gaan sit en gevra om bedien te word (Bron 3A)
- Teen die einde van die week was meer as 'n duisend studente dwarsoor die Suide by die sitstaking betrokke (Bron 3A)
- Teen April was meer as vyftig duisend mense regoor die Suide by die sitstakings betrokke (Bron 3A)
- Sitstakings was die inspirasie vir ander soortgelyke protesaksies, soos *kneel-ins* in kerke, *read-ins* in openbare biblioteke, *wade-ins* by openbare parke, strande en swembaddens (Eie kennis)
- Op 27 Maart 1961het die Tougaloo Nege die Jackson Openbare Biblioteek binnegegaan om navorsing te doen maar is in hegtenis geneem en toegesluit (Bron 3B)
- In 1962 kon swart en wit Amerikaners saam swem in 'n geïntegreerde swembad in Raleigh in Noord-Carolina (Bron 3C)
- Desegregasie by die Pullen Park-swembad was egter steeds 'n nuwe verskynsel aangesien swart en wit Amerikaners steeds in aparte groepe gesien kan word (Bron 3C)
- Ses maande na die sitstakings begin het, is eettoonbanke geïntegreer (Bron 3D)
- Op 25 Julie 1960 is die eerste swart Amerikaners by die Woolworths-eettoonbanke bedien (Bron 3D)
- Die Burgerregtewet van 1964 is aangeneem wat rassesegregasie in openbare geriewe en indiensneming verban het (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om punte toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van hoe die verskillende vorme van sitstakings gedurende die 1960's tot die desegregasie van openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0-2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe die verskillende vorme van sitstakings gedurende die 1960's tot die desegregasie van openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3-5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon 'n deeglike begrip van hoe die verskillende vorme van sitstakings gedurende die 1960's tot die desegregasie van openbare geriewe in die Verenigde State van Amerika bygedra het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | **PUNTE 6-8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

## VRAAG 4

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit: Indien kandidate saam met die stelling stem moet hulle wys hoe die taktieke en strategieë wat deur die Verenigde State van Amerika teen die Viëtkong 'n totale mislukking was. Indien die kandidaat nie saam met die stelling stem nie, moet hulle hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hul; antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem deur aan te dui of hulle saam of teen die stelling stem. Hulle moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**
Fokus op die strategieë van beide die VSA en die Viëtkong.
- Toestande onmiddellik voor die oorlog:(Agtergrond)
  - Die verdeling van Viëtnam en die stigting van die Viëtkong
  - Redes vir die VSA se betrokkenheid: inperking en domino-teorie
- Amerika se eerste ingryping in Suid-Viëtnam – stuur wapens en militêre raadgewers teen die Viëtkong (Viëtnamese kommuniste)
- Ho Chi Minh-roete en sy belangrikheid (gebruik deur die Viëtminh (kommunistiese guerrillas van Noord-Viëtnam) om die Viëtkong te ondersteun
- Amerika loods 'Veilige dorp'-beleid/Hamlet-strategie – probeer om guerrillas van plaaslike inwoners te isoleer (1963)
- Veilige dorp-beleid het misluk omdat die Viëtkong binne die veilige dorpe gewerk het
- Die Golf van Tonkin-insident en resolusie (1964)
- Die VSA het gevoel dat die oorlog in Viëtnam nie 'n konvensionele oorlog soos die Tweede Wêreldoorlog was nie
- VSA stuur op 8 Maart 1965, 3 500 seesoldate en grondtroepe na Viëtnam
- Operasie Ranch Hand (1962–1971) – gebruik chemiese wapens (Agent Orange om die oerwoud te vernietig) en Agent Blue (om landbouprodukte en voedsel te vernietig)
- President Johnson loods Operation Rolling Thunder in Maart 1965 om die Viëtkong vinnig te elimineer
- Gebruik van chemiese wapens bv.Napalm gas maak VSA ongewild en baie lande het die VSA veroordeel
- Guerrilla-oorlogvoering deur die Viëtminh en Viëtkong (moeilik om guerrillas van plaaslike inwoners/boere/kleinboere te onderskei)
- Viëtkong reageer met die Tet Offensief (1968) – verrassingsaanvalle op 100 stede
- Aantal Amerikaanse soldate wat sterf, het toegeneem – lei tot anti-oorlogoptogte
- Die hoogs effektiewe gebruik van guerrilla-taktieke deur die Viëtkong
- Amerika het jong en onervare soldate na Viëtnam gestuur
- Amerika het soek-en-vernietigingsveldtogte (My Lai-slagting) gebruik om dorpe wat die Viëtkong ondersteun het, te vernietig

- Lei tot die grootskaalse dodetal onder burgers – meer ondersteuning vir die Viëtkong
- Amerikaanse gruweldade en My Lai-slagting (Maart 1968) het openbare opinie teen die oorlog laat draai
- Noord-Viëtnam ontvang militêre ondersteuning vanaf die USSR en China wat Viëtkong en Viëtminh toegang tot moderne wapens gee
- Guerrilla-oorlogvoering is effektief deur die Viëtkong gebruik en deur die Viëtminh in die noorde ondersteun en taktieke soos fopstrikke, ondergrondse tonnels, tref en trap en sabotasie gebruik
- Die Viëtkong het hulle ondersteuningsbasis vergroot as gevolg van die taktieke van die Amerikaanse soldate gebruik het
- Die Viëtnamese was verenig in die verdediging van hulle land
- Viëtnamisasie: President Nixon kondig 'n beleid van strategiese onttrekking aan Viëtnam aan.
- Onttrekking van WHAM (Winning the hearts and minds van die Viëtnamese) het die mislukking van die VSA se poging om te verhoed dat Viëtnam 'n kommunistiese staat word, ingelui en hul gevolglike onttrekking
- VSA onttrek al hul troepe teen 1973 (President Nixon het die Parys Vredesooreenkoms op 27 Januarie 1973 onderteken – beëindig die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Noord-Viëtnam neem beheer oor Saigon in 1975
- Viëtnam is verenig onder kommunistiese beheer
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat.

**[50]**

**VRAAG 5**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beleide krities bespreek en hoe dit 'n nuwe en beter lewe vir alle Kongolese burgers na onafhanklikwording van België gedurende die 1960's verkry het.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt inneem en moet krities bespreek hoe Mobutu Sese Seko se politieke, ekonomiese, sosiale en kulturele beleide 'n nuwe en beter lewe vir alle Kongolese burgers na onafhanklikwording van België gedurende die 1960's bereik het. Kandidate moet aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**

**Politieke beleide**

- Koloniale nalatenskap: (agtergrondkennis)
  - ➢ Paternalisme – Kongolese soos kinders behandel – het geen verantwoordelikheid in administrasie of teenwoordigheid in die regering nie
  - ➢ Politieke partye is verban en met die vinnige Belgiese onttrekking as gevolg van die Leopoldville-optogte in 1959 – is baie politieke partye gestig wat elkeen hul eie streek of stam verteenwoordig het
  - ➢ 120 politieke partye het deelgeneem aan die 1960-verkiesings; geen enkele politieke party het 'n oorgrote meerderheid stem verwerf nie – Patrice Lumumba se Movement National Congolese (MNC) het die meeste setels gewen omdat hulle landswye steun geniet het wat ander streekspartye nie gehad het nie
  - ➢ Gebrek aan politieke eenheid
- Kongo word onafhanklik op 30 Junie 1960 met Joseph Kasavubu as President en Patrice Lumumba as Eerste Minister. Joseph Kasavubu het verkies dat die Kongo 'n federale staat bly terwyl Patrice Lumumba ten gunste van 'n sterk gesentraliseerde nasionale regering was/Lumumba was in konflik met Moise Tshombe
- Kongo het met baie politieke onstabiliteit begin – Tshombe was gefokus is op die afskeiding van Katanga vir selfregering (onafhanklikheid)
- Joseph Mobutu het mag by Kasavubu oorgeneem deur 'n staatsgreep in 1965
- Hy het 'n sekere mate van politieke stabiliteit gebring (gebaseer op outokrasie)
- In 1967 het Mobutu daarin geslaag om die Katanga-rebellie te keer en sy land 'n nuwe grondwet gegee as 'n eenpartystaat (Popular Movement for the Revolution)
- Kongo het 'n eenpartystaat geword binne die eerste vyf jaar na onafhanklikwording en alle opposisie is onderdruk
- Mobutu het 'n persoonlikheidskultus ontwikkel (Mobutuïsme)
- Mobutuïsme het die Kongo 'n outokratiese staat onder homself as 'n militêre diktator gemaak
- Is deur die VSA ondersteun want hy is as 'n anti-kommunistiese bondgenoot beskou
- Het 'n sterk gesentraliseerde regering geskep en alle aanstellings, bevorderings en die toekenning van staatsfondse beheer.

- Hy het die beleid van Zaïreanisasie ingestel, 'n beleid wat geskoolde buitelanders of diegene wat strategiese bestuursposte gehad het, vervang het met ongeskoolde plaaslike inwoners – wat tot wanadministrasie en wanbestuur in politieke leierskapsrolle gelei het
- Hy het nepotisme toegelaat (kleptokrasie)
- Mobutu het aangebly as 'lewenslange president' tot sy dood in 2007
- Enige ander relevante antwoord

**Ekonomiese beleide**
- Koloniale nalatenskap: (agtergrondkennis)
  - Uitbuiting – Belgiese welvaart gebaseer op uitbuiting van wol, rubberplantasies en myne (koper, tin en diamante) deur koloniale maatskappye. Winste uit minerale (myne) gebaseer op die uitbuiting van Kongolese werkers
  - Kongo as die mees vooruitstrewende staat teen onafhanklikheid beskou maar die ekonomiese rykdom is deur buitelanders besit
- Het 'n kapitalistiese ekonomie by België geërf
- Het aanvanklik die ekonomie in de hande van wit setlaars en buitelanders gelos
- Die land se ryk natuurlike bronne van koper, kobalt, diamante en ander materiaal het buitelandse belegging aangemoedig
- Nasionalisasie: Mobutu het die land se koperbedryf genasionaliseer en die winste daarvan gebruik om sy 10 jaar-nywerheidsplan te finansier
- Hy het maatskappye wat aan buitelanders behoort het, genasionaliseer, sonder vergoeding
- Buitelandse maatskappye onder die beheer van sy vriende en familielede geplaas.
- Het Zaïreanisasie ingestel (die vervanging van buitelanders met Zaïre-nasionaliste)
- Zaïreanisasie het gelei tot korrupsie, diefstal en wanbestuur
- Die ekonomie is gekenmerk deur nepotisme en elitisme (lei tot groot gaping tussen elite en gewone burgers/ryk en arm)
- Swak ekonomiese beleide lei tot die agteruitgang van infrastruktuur soos paaie ens.
- Mobutu Sese Seko het 'n kleptokrasie ontwikkel waar 'n groep aangestelde staatsamptenare hul posisie vir finansiële gewin misbruik het
- Mobutu is geforseer om beleid van retrosessie in te stel (terugkeer van buitelandse eienaars)
- Baie min buitelanders het teruggekeer
- Kongo se ekonomie het in duie gestort
- Kongo het afhanklik geword van buitelandse hulp en beleggings, bv. van die Wêreldbank
- Enige ander relevante antwoord

**Sosiale en kulturele beleide**
- Koloniale nalatenskap: (agtergrondkennis)
  - Bevorder elitisme: het die opvoeding van 'n klein groep elite in Westerse kennis en vaardighede, aangemoedig
  - Swak onderwysstelsel het nie die Kongolese bevorder of met vaardighede toegerus nie
  - Frans was die onderrigstaal in skole
  - Teen onafhanklikheid het die Kongo slegs 14 gegradueerdes uit 14 miljoen mense gehad

- Het 'n beleid van Authenticité ingestel (om oorspronklik inheemse gebruike en gelowe te bevorder) om koloniale invloed uit te wis en om Zaïrees te verenig met sin van trots op eie kultuur
  - ➢ Vervang name met Afrika-name, bv. die Kongo is na Zaïre hernoem in 1971; Leopoldville het Kinshasa geword, Elisabethville het Lubumbashi, en Stanleyville het Kisangani geword; Mobutu het ook sy naam verander vanaf Joseph-Desire Mobutu na Mobutu Sese Seko Kuku Ngbedu Waza Banga, wat beteken, 'Die Kryger Wat Alles Oorwin Wat, As Gevolg Van Sy Uithouvermoë En Onbuigsame Wil Om Te Oorwin, Van Oorwinning Na Oorwinning Sal Gaan En Vuur Sal Agterlaat.'
- Kleredrag: die dra van Westerse pakke is verban (deur 'n dekreet) en vervang met 'abacos' ('A bas le ostumes') wat 'weg met 'n pak' beteken
- Het plaaslike musiek bevorder
- Mobutu het demokrasie as 'n vreemde ideologie in Afrika beskou – hy het as 'n Hoofman in tradisionele Afrika-styl geregeer en dit gebruik om om sy eie outokratiese posisie te versterk
- Frans het die onderrigtaal gebly en die onderwysstelsel het voortgegaan om die stedelike elite te bevorder
- Na onafhanklikheid het primêre onderwys en skoolinskrywings gestyg van 1,6 miljoen in 1960 tot 4,6 miljoen in 1974/Toe staatsbefondsing deur Mobutu onttrek is, moes ouers begin om te betaal en primêre onderwys het agteruitgegaan
- Onderwysers en hospitaalpersoneel is vir maande nie betaal nie as gevolg van die swak ekonomiese en politieke praktyke
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**VRAAG 6**

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur gebruik te maak van analitiese en interpretasie vaardighede]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie swart Amerikaners bemagtig het om selfversekerd en selfstandig te wees. Hulle moet hul argument met relevante historiese bewyse ondersteun

**HOOFASPEKTE**
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:
- Inleiding: Kandidate moet 'n standpunt in neem deur te verduidelik tot watter mate die Swartmagfilosofie swart Amerikaners om gedurende die 1960's te bemagtig om selfversekerd en selfstandig te wees. Kandidate moet ook aandui hoe hulle hul argument gaan ondersteun.

**UITBREIDING**
- Toestande in die VSA: (Agtergrondinligting)
  - ➢ Swart Amerikaners nog steeds ekonomies en polities agtergeblewe as gevolg van diskriminerende wette in die VSA (Jim Crow)
  - ➢ Gebrek aan trots as gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede (Het in ghetto's gewoon en krotgebiede/swak behuising/minderwaardige geriewe)
  - ➢ Swart Amerikaners het ongeduldig met die stadige pas van verandering geword en die impak van die Burgerregtebeweging in die 1960's
  - ➢ Swart Amerikaners onderhewig aan polisiebrutaliteit – gee aanleiding tot die ontstaan van nasionalistiese gevoelens.
- Swartmagbeweging propageer selfversekerdheid, selfstandigheid, swart trots, beheer van politiek in hulle eie gemeenskappe (gepropageer deur Stokely Carmichael); swart Amerikaners moet hulleself beskerm teen polisiebrutaliteit; swartes wil vryheid weg van wit oorheersing nastreef; bevordering van die Afro-haarstyl en Afrika-klere en ontwikkel die slagspreuk 'Swart is mooi' ('*Black is beautiful*')
- 1966 Bobby Seale en Huey Newton stig die Black Panther-party (BPP) vir Self-Verdediging – teen polisiebrutaliteit
- Aanvaar die Tienpuntplan om hulle sosiale, politieke en ekonomiese doelstellings na te streef vir die opheffing van die swart Amerikaanse gemeenskap
- Die Black Panther-party het voedingskemas; kindersorg en geletterdheidsprojekte in swart gemeenskappe aangebied – die voedingskemas het honger onder die jeug uit die weg geruim en die leerproses in skole verbeter
- BPP se geletterdheidsprojekte het ongeletterdheid onder die swart Amerikaanse gemeenskap uitgewis
- BPP se kindersorgprojekte het omgesien na die mediese behoeftes van swart Amerikaners in swart gemeenskappe
- BPP-lede het die strate patrolleer om polisieaktiwiteite te monitor en hulle teen polisiebrutaliteit verdedig
- BPP het aangedring dat swart geskiedenis in swart skole onderrig moet word
- Malcolm X het gewapende selfverdediging teen wit onderdrukking aangemoedig

- Hy het geredeneer dat bloedvergieting nodig was vir 'n rewolusie (swart nasionalisme) en propageer selfrespek en selfdissipline
- Bevorder die konsep van 'Swart Trots' (selfwaardigheid/selfrespek/selfhelp)
- Swart Amerikaners aangemoedig om op te staan teen wit Amerikaanse owerhede in hul strewe na vryheid, geregtigheid en gelykheid deur alle moontlike metodes
- Ondersteun die gebruik van geweld as 'n metode van selfverdediging teen diegene wat swart Amerikaners aanval
- Stokely Carmichael het geglo dat die nie-gewelddadige strategie misluk het as gevolg van die voortslepende geweld teen swart Amerikaners
- Ondersteun die uitsluiting van wit 'liberaliste' as 'n filosofie vir swart Amerikaners
- Hy bevorder een plan om Amerika in afsonderlike swart en wit state te verdeel
- Hy was gekant teen die VSA se betrokkenheid by die Viëtnam-oorlog
- Impak: die mees ooglopende vorms van rassediskriminasie het tot 'n einde gekom
- Rassegeweld en spanning het afgeneem
- Swart Amerikaners is in openbare poste verkies
- Behuising en geriewe van Swart Amerikaners is verbeter
- Swart geletterdheid en afhanklikheid op staatstoelae was beperk
- Regstellende-aksie-beleide vir federale indiensneming is ingestel
- Enige ander relevante antwoord

Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou